# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 3 20 September 2020

## 1 Korintiërs 15:1-11; 12-14

Die eerste brief van Paulus aan die gemeente in Korinte is redelik los gestruktureer. Paulus skenk aandag aan spesifieke probleme wat verband hou met die lewe van die gemeente. Dit is duidelik dat hy op 'n hele aantal vrae in die brief reageer, sonder dat dit 'n spesifieke tematiese orde volg. In die verskillende teologiese posisies wat Paulus inneem met betrekking tot die situasie in Korinte, is daar wel 'n eenvormige teologiese argument wat hy duidelik kommunikeer: die teologie van die kruis. Die bestaan van Christene word bepaal deur die feit dat die Here Homself aan die kruis openbaar het, in nederigheid eerder as in heerlikheid. Om 1 Korintiërs 15 regtig te verstaan, is dit die moeite werd om eers duidelikheid te kry oor wat die basiese posisie was van die mense wat 'n verkeerde siening van die opstanding gehad het. Navorsing wys dat dit 'n groepe entoesiastiese gelowiges was wat gereken het dat die hemelse heerlikheid reeds 'n teenswoordige realiteit was. Hulle het dus aanspraak gemaak op die opstanding van Jesus, maar dit op 'n spesifieke manier geïnterpreteer, naamlik op 'n entoesiastiese manier. Christus is verhoog in die hemel en op grond hiervan het hulle die antropologiese afleiding gemaak dat hulle ook, as gelowiges wat deel in dié heerlikheid, reeds verby hierdie wêreld beweeg het. In die Gees, so het hulle geglo, het hulle reeds die aardse bestaan agter gelaat en in ekstase die 'rykdom' van die hiernamaals geniet. Die lering wat ons in Korinte aantref sou ons dus soos volg kon opsom: Die kennis wat ons as gelowiges het maak ons in alle opsigte vry, maar sluit ook godsdienstige vryheid in. Paulus se argument is dan 'n anti-entoesiastiese argument waarin hy waarsku dat die kruis nie verontagsaam moet word ter wille van verheerliking nie. Wysheid word volgens hom nie deur 'n entoesiastiese oplewing verkry nie, maar in die erkenning van die dwaasheid van die kruis. Ons vier vandag Paassondag, opstandingsdag, die dag waarop God Jesus Christus uit die graf opgewek het. Ons vier vandag wat ons elke Sondag bely wanneer ons belydenis van ons geloof doen: Christus het opgestaan, en Hy lewe! Hierdie belydenis van ons dat Jesus opgestaan het en lewe, is egter nie 'n belydenis wat alle mense in ons tyd sal bely nie. Selfs so vroeg as die tyd van Paulus, lei 'n mens baie duidelik af uit 1 Korintiërs 15:12, was daar mense wat nie saam met Christene kon of wou bely dat Jesus opgestaan het nie. In ons tyd is hierdie 'n oortuiging wat al hoe meer na vore kom. 'n Oortuiging wat gegrond word op die uitspraak dat, omdat daar geen historiese bewyse gevind/aangebied kan word vir Jesus se opstanding nie, dit eenvoudig nie geglo kan word nie. Sien is glo, is die spreekwoord. As jy vandag hierdie stuk lees, is jy een van die gelowiges wat glo dat Jesus uit die dood opgestaan het. Die opstanding van Jesus is nie maar net iets wat ons bely omdat dit in die belydenisse van die kerk staan, of omdat ons maar net hoop dat dit werklik gebeur het nie. Nee, teenoor so baie teoloë wat deesdae van mening is dat Jesus nie werklik opgestaan het nie, bely ons dit omdat dit vir ons 'n historiese feit is. En hier is die Bybel in baie opsigte baie interessant. Want waar ons bely dat die Bybel nie 'n geskiedenishandboek is nie, is die Bybel, wat die opstanding betref, amper 'n geskiedenis-handboek. Want in 1 Korintiërs 15:1-11 lees ons van nie minder as ses verskynings van Jesus na sy opstanding aan verskeie groepe mense. En in die evangelies word van ook nog ander verskynings van Jesus vertel. Vir ons is die opstanding van Jesus dus histories vas en waar. En bely ons dit nie maar net omdat ons hoop dit het gebeur nie, maar omdat ons weet dat dit gebeur het. Aan die ander kant mag die opstanding van Jesus egter nie iets wees wat ons maar net formeel bely nie. Juis omdat Jesus se opstanding 'n gebeurtenis is wat ons elkeen intens raak. Ons kan dit ook anders stel: al weet ons dat Jesus opgestaan het, is die vraag watter betekenis sy opstanding vir ons het. Ons moet raaksien dat daar 'n direkte verband tussen die opstanding van Jesus en ons geloof is. As Jesus in die graf gebly het en nie opgestaan het nie, was Jesus maar soos enige ander groot figuur in die verlede, iemand van wie ons baie kan leer, net nog 'n held wat op die ou end maar net gesterf het. Niemand verwag tog iets van 'n dooie mens nie. Niemand kan iets ontvang van 'n dooie mens nie. Wat meer is: hoe kan 'n godsdiens lewe as daardie godsdiens 'n dooie mens vereer? Daarom skryf Paulus in 1 Korintiërs 15:14 baie duidelik: 'En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud'. In vers 17 gaan Paulus nog verder: `en as julle nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes'.

## Liturgie

### Verwelkoming

Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet

'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.

- Psalm 27:4 -

### Loflied

- Daar is geen grens (F 005) -

### Skriflesing en Oordenking

- 1 Korintiërs 15:1-10 -

### Wil van die Here (Wet)

- Markus 12:29-31 -

### Skuldbelydenis

-

### Vryspraak (Genadeverkondiging)

- 1 Timoteus 1:16 -

### Geloofsbelydenis

- Soek in God (LB 513) -

### Seën en Amen

Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.

- Amen (LB 312) -

Met ander woorde, as Jesus nie opgestaan het nie, sou ons verlossing 'n halwe verlossing gewees het, 'n onvoltooide verlossing. Die feit dat God Hom, na sy kruisdood uit die dood opgewek het, was God se JA op sy daad aan die kruis op Golgota. Daar het Hy vir ons, in ons plek, versoening gedoen by God. En omdat God daardie versoening aanvaar het, het Hy Jesus uit die dood opgewek. Daarom sê Paulus: as Jesus nie opgewek is nie, is ons geloof nie alleen nutteloos nie, maar ons verlossing alleen halwe verlossing. 'n Halwe verlossing wat eindig by sondevergifnis, maar wat tog eindig in die dood. Maar nou het Jesus opgestaan, is ons geloof nie nutteloos nie want ons glo in 'n lewende God, en is ons verlossing volkome: Ons is verlos van die sonde en die ewige dood.

# Delf dieper

## Skolistiese Genade

**#Bybelvasvra:**

Hoekom word die gemeente in Korinte gesien as een van Paulus se moeilikste gemeentes?

Hierdie gedeelte in die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

### 1) Na mekaar:

1. Hoekom moet ons almal skoolgaan?
2. Geniet jy skool?

### 2) Na God:

1. Lees 1 Korintiërs 15:1-11 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
   a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
   b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Wat is die basiese beginsels rakende ons geloof wat hierdie gedeelte ons leer?

### 3) Na mense:

1. Hoe leef jy die basiese beginsels van ons geloof uit?

# DIE A-B-C 'S VAN GELOOF

## 1 Korintiërs 15:1-10

Gaan lees hierdie week se gedeelte in die Bybel saam met pappa en mamma. Het jy al gewonder wat die basiese dinge is waaroor ons geloof gaan?

Wel Paulus, iemand wat die Bybel baie goed geken het, leer ons dat daar 4 belangrike dinge is wat ons moet onthou. Ons noem hulle die A-B-C'S van ons geloof. Kom ons kyk wat hulle is:

A

**Al ons sonde (alles wat ons verkeerd doen) is vergewe.**

B


**Ons Behoort aan God, ons is sy kinders.**

C

**Christus Jesus bly in ons, deur die Heilige Gees.**

D

**Die Heilige Gees verander ons harte, om almal lief te hê.**



## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 20 September** | |
| Ethan Delport | 073 918 6579 |
| Natasha Oosthuizen | 082 375 3879 |
| | |
| **Maandag 21 September** | |
| Gerhard Fourie | 082 858 8948 |
| Tienie van Tonder | 012 804 3092 |
| | |
| **Dinsdag 22 September** | |
| Johanna du Toit | 012 804 8064 |
| Christine du Toit | 072 266 1889 |
| Rene Gertzen | |
| Tian Potgieter | 012 991 3599 |
| | |
| **Woensdag 23 September** | |
| Eugenie Nagtegaal | 082 434 1614 |
| | |
| **Vrydag 25 September** | |
| Drian Neethling | 012 804 7802 |
| Jo-Mari Visser | |
| | |
| **Saterdag 26 September** | |
| Eunice Ellis | 083 650 7020 |
| Maggie Meyer | 012 804 9171 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

**Webtuiste:**
silvertonkruins.co.za

**Facebook:**
@Silvertonkruin

**Instagram:**
@Kruinjeug_ng

**Youtube:**
www.youtube.com/c/Silvertonkruin

**Kerkkantoor:**

Telefoon: 012 804 3577
Faks: 086 545 7151
e-posadres:

admin@silvertonkruins.co.za

**Kerkkantoor ure:**
Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Johan Venter (Familie van Ma Max) - Nic Visser

**AFSTERWE**
Ds. Quintus Smit

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert - Talita en Francois Moller
Mariska en Ruan Auret

**GEBOORTES**
Lize en Alexis Kok - Mienke Kok (20/08/20)
Estelle Jansen van Nieuwenhuizen - Nathan

**ONS BID OOK VIR DIE**
ekonomie
Matrieks wat met hul Rekord eksamen begin

